Westelike Provinsie- en Wes-kaapkleure vir Atletiek

Kenridge is baie trots op die volgende vyf atlete wat gekwalifiseer het om WP by die Wes-kaap Atletiekkampioenskappe in Oudtshoorn, op 3 Maart, te verteenwoordig. Hulle het uitstekend gevaar:

Martine van der Berg, Emma Badenhorst, Kanya Pieterse, Megan Scholtz en Matthew Russell.

Megan Scholtz het 3de gekom en ‘n brons medalje vir die 1 200 m gewen.

Matthew Russell het twee 3de plekke gekry en twee brons medaljes vir die 75 m en 150 m hekkies gewen.

Hulle is albei gekies om die Wes-kaap Atletiekspan te verteenwoordig.

SA SKOLE ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Spesiale melding moet gemaak word van **Megan Scholtz en Matthew Russell** wat gekies is om verlede week die Wes-kaap by die SA Skole Atletiekkampioenskappe in die Paarl, te verteenwoordig.

By die SA's, het **Megan** in die finaal vir die 1 200 m gehardloop en het 9de gekom. Sy het ook haar persoonlike beste tyd gehardloop ☺

Matthew het twee finale, vir die 75 m en 150 m hekkies gehaal en onderskeidelik 9de en 5de geëindig. Hy het ook sy beste tye gehardloop.

Hulle het puik vertonings gelewer om in die top 10 te eindig! Baie geluk met jul prestasies.

Megan Scholtz en Matthew Russell met hul medaljes vir hul deelname aan die Wes-kaap Kampioenskappe